HOËRSKOOL BRACKENFELL
MERIETE BELEID

MERIETE TOEKENNINGS:

1.1 Die Adjunkhoof (Akademie) is die toesighouer vir al die meriete toekennings:

- **Laureustoekenning**
- **Akademie**
- **Kultuur**
- **Sport**
- **Leierskap**
- **Top 20**

2. EREKLEURE

2.1 Erekleure word aan 'n leerder toegeken om erkenning te gee vir 'n uitsonderlike prestasie behaal op die gebied van akademie, kultuur, sport en leierskap.

2.2 Indien nuwe leerders kwalifiseer vir erekleure toekennings moet bewyse van deelname en prestasies van die vorige skool voorgelê word vir oorweging. Hoërskool Brackenfell se beleid sal dien as enigste maatstaf by die bepaling van toekennings.

2.3 Die erekleure bestaan uit 'n koord in donkerblou en silwer rondom die bestaande skoolbaadjie se rand, asook 'n erekleure skoolwapen met 'n lourierkrans. Die naam van die toekenning word onder die bo-sak van die baadjie aangebring in die vorm van balkies soos vir halfkleure.

2.4 Indien die leerder reeds erekleure verwerf het, word die toekenning weer gemaak, maar die leerder ontvang nie weer die erewapen nie. Die naam van die nuwe toekenning word op 'n balkie op die skoolbaadjie se bo-sak aangebring.

2.5 Oudleerders mag die wapen op 'n swart of blou baadjie laat aanbring.

2.6 Erekleure mag slegs in hoogs uitsonderlike gevalle voor gr. 10 aan leerders toegeken word. 'n Uitsondering is waar 'n leerder bv. SA-kleure verwerf (nie WP nie) of 'n uitsonderlike prestasie wat deur die Merietekomitee goedgekeur is.

2.7 Slegs Hoërskool Brackenfell se kurrikulêre-, buite-kurrikulêre- en geaffilieerde aktiwiteite buite skoolverband wat onder die skool se vaandel aangebied word, sal in aanmerking kom vir toekennings en erkenning by 'n prysuitdeling.

2.8 Leerders wat presteer in aktiwiteite buite skoolverband op provinsiale-, nasionale- en internasionale vlak, sal erkenning ontvang op die skool se media platforms asook in saalbyeenkomste en die SOK se sportprysuitdeling waar hulle 'n sertifikaat sal ontvang. Indien leerders provinsiale- of nasionale kleure verwerf vir 'n aktiwiteit buite skoolverband, mag hulle die relevante lapelwapen dra. Dit is die ouer en leerder se verantwoordelikheid om die skool en die SOK in kennis te stel met die toepaslike dokumentasie vanaf die instansie.

3. HALFKLEURE

3.1 Halfkleure en sertifikate word by saalbyeenkomste uitgedeel.

3.2 Halfkleure bestaan uit 'n balkie, in silwer geborduur, wat onder die bestaande sakwapen aangewerk word. Die eerste balkie word direk onder die bo-sak aangewerk. Daarna word die balkies 1 cm van mekaar aangewerk.

3.3 Indien halfkleure vir dieselfde prestasie meer as een keer aan 'n leerling toegeken is, mag die leerder meer as een van dieselfde balkies op sy/haar baadjie dra.

4. PROSEDURE

4.1 Organiseerders van onderskeie aktiwiteite is verantwoordelik vir die indien van aansoeke vir moontlike toekennings by die hoof van sport, kultuur en leierskap asook die organiseerder van die prysuitdeling plegtigheid.

4.2 Aansoek vir goedkeuring vir erekleure word skriftelik deur die hoof van kultuur en sport by die adjunkhoof (akademie) ingehandig wat dit dan voorlê aan die Merietekomitee. Nadat die komitee goedkeuring gegee het, onderteken die skoolhoof die vorm en gee dit terug aan die persoon in beheer.

Die reg word voorbehou om in die geval van ernstige wangedrag enige toekenning te weerhou of in te trek. Appél kan skriftelik by die Merietekomitee aangeteken word. Die komitee se beslissing is finaal.

4.3 Persoon in beheer van die afdeling druk 'n brief van gelukwensing en ook 'n dokument van onderneming. Hierdie dokumente word uitgedeel by die betrokke prysuitdeling.

Die leerder en ouer onderteken die dokument van onderneming en handig dit in by die persoon in beheer.

4.4 Persoon in beheer gee 'n brief aan die verskaffer vir die leerder, wat dit gebruik om die balkie te koop.

4.5 Alle briewe en dokumente word op die skool se briefhoof gedruk en deur die skoolhoof onderteken.

4.6 Alle dokumente word geliasseer.

4.7 Rekord word gehou van toekennings deur die onderskeie hoofde van afdelings.

5. MERIETEKOMITEE

5.1 Die Merietekomitee bestaan uit die skoolhoof, dagbestuur (skoolhoof en adjunkhoofde) en verantwoordelike onderwyser(s).

5.2 Die komitee moet toesien dat toekennings vier maal per jaar geskied:

- Januarie (Akademie gr 8 – 11 van vorige jaar)
- Julie (Gr 10 spesiale toekennings, sien Akademiese toekennings)
- Oktober (Sport- en Kultuurtoekennings)
- Gr 12 Akademiese toekennings op uitstapdag.

5.3 Die komitee behou die reg voor om erekleure te ontsê of te ontneem waar 'n leerder die skool se naam oneer aandoen, gegrond op die volgende gevalle:

- Wanneer die leerder DRIE detensies in 'n jaar gesit het (36 punte), sal die leerder 'n waarskuwing ontvang en met sy/haar volgende detensie (12 punte) sal die erekleure weggeneem word.
- Indien die leerder 'n vlak B-oortreding begaan (16+ punte), sal die leerder 'n waarskuwing ontvang en met sy/haar volgende detensie (16 punte) of sy/haar volgende vlak B-oortreding, sal die erekleure weggeneem word.
- Indien die leerder 'n vlak C-oortreding begaan (16 – 24 punte), sal die leerder geen waarskuwing ontvang nie en sal sy/haar erekleure onmiddellik weggeneem word.

5.4 Die persone in beheer van sport, kultuur en akademie is verantwoordelik om die detensiepunte gereeld te kontroleer. Indien daar 'n leerder se kleure in gedrang kom, moet dit aan die Merietekomitee voorgelê word vir 'n finale beslissing.

A. LAUREUS TOEKENNING

1. Om in aanmerking te kom vir 'n Laureus toekenning moet **erekleure** verwerf word vir **Akademie, Kultuur** en **Sport.**
2. Die Laureus toekenning word eers aan die begin van 'n leerder se **Gr. 12 jaar toegeken** by die Akademiese Prysuitdeling.
3. Leerders moet bewys lewer van **volgehoue deelname** aan 'n aktiwiteit waarvoor hulle erekleure ontvang het. Dit beteken dat, indien erekleure verwerf word in Gr. 10 of Gr. 11, moet die leerder voortgaan met deelname aan die aktiwiteit tot in Gr. 12. Verwerwing van erekleure vir 'n **tweede keer** is egter nie 'n vereiste nie.
4. 'n Leerder, om in aanmerking te kom vir 'n Laureus toekenning, moet in alle opsigte voldoen aan al die vereistes soos uiteengesit in die **Gedragskode** van die Hoërskool Brackenfell.
5. Leerders wat hulle skuldig maak aan **onbehoorlike gedrag** en die **skoolreëls oortree**, sal van die Laureus toekenning onthef word. 'n Leerder mag dus **GEEN** detensiepunte op vlak 1, 2 of 3 hê nie.
6. Die leerder se mates word gestuur aan School and Leisure (tel nr 021 9140495) in Willowbridge. Hulle skenk die baadjie. Indien hulle nie meer die baadjie skenk nie, is Esmé van Spectra Stationers in Glen Garry bereid om die baadjie te borg. School and Leisure sal dan nog steeds sorg vir die maak daarvan.

B. AKADEMIE

Toekennings word bereken op die gemiddelde persentasie van die Junie-, September- en Desembereksamens van die vorige jaar. 'n Leerder mag vir 'n maksimum van 1 toets- of eksamenvraestel in die afgelope jaar afwesig wees om nog te kwalifiseer vir erekleure akademie.

Graad 9	Erekleure	Geen
	Halfkleure	Gemiddeld van Junie-, September- en Novembereksamen bo 80% in Graad 8
Graad 10	Erekleure (Spesiaal aan begin van derde kwartaal)	Gemiddeld bo 85% in die Junie-eksamen van Graad 10, asook halfkleure vir Graad 9 ontvang
	Halfkleure	Gemiddeld van Junie-, September- en Novembereksamen bo 80% in Graad 9
Graad 11	Erekleure	Gemiddeld van Junie-, September- en Novembereksamen bo 80% in Graad 10
	Halfkleure	Gemidded van Junie-, September- en Novembereksamen bo 75% in Graad 10
Graad 12	Erekleure	Gemiddeld van Junie-, September- en Novembereksamen bo 80% in Graad 11
	Erekleure (Spesiaal by laaste saalbyeenkoms van Graad 12's)	Gemiddeld van Junie- en Septembereksamen bo 80% in Graad 12
	Halfkleure	Gemiddeld van Junie-, September- en Novembereksamen bo 75% in Graad 11

C. KULTUUR

1	**OLIMPIADES** (VAKVERWANT BV. BRUGBOU, WATER-OLIMPIADE, ENS.)	Erekleure	• Provinsiale Senior A-span • SA Wiskunde 1ste tot 10de plek • Alle ander vakke: 1ste tot 3de plekke in nasionale kompetisie
		Halfkleure	• Finale rondte SA Wiskunde • UCT Wiskunde kompetisie goud • Alle ander vakke: 4de tot 20ste plekke in nasionale kompetisie
2	**TAALBOND**	Erekleure	• Landwyd 1ste tot 3de plek
		Halfkleure	• Seniors: 4de tot 20ste plek • Juniors: 1ste tot 20ste plek
3	**REDENAARS/DEBAT** (WAT ONDER DIE SKOOL SE VAANDEL AANGEBIED WORD)	Erekleure	• 1ste tot 3de plek in nasionale kompetisie
		Halfkleure	• 1ste tot 3de plek in provinsiale kompetisie/rondte of 4de - 10de plek in nasionale kompetisie
4	**EISTEDDFOD** (WAT ONDER DIE SKOOL SE VAANDEL AANGEBIED WORD)	Erekleure	• Kategoriewenner • Alle spesiale toekennings vir spesifieke kategorieë
		Halfkleure	• Juniors: kategoriewenner • Deelname aan gala-aand • Individue wat twee Hoogste Lof- of drie Lof-toekennings ontvang
5	**TONEEL**	Erekleure	• Individuele toneelkompetisie: finale rondte • ATKV Tienertoneelkompetisie: Lede van 'n toneelgroep wat deurdring na eindfees • Trofeewenner by nasionale toneelfeeste / kompetisies (individu / groep, slegs seniors)
		Halfkleure	• Individuele toneelkompetisie: Semi-finale rondte • ATKV Tienertoneelkompetisie: Deelnemers aan Toneelfeesnaweek vir Suide • Wenproduksie van een van die volgende: Logan Toneelfees, Montagu Toneelfees, Durbanville Toneelfees, Klein Libertas Toneelfees, FAK toneelfees, National Arts Festival Individuele beste spelers Trofeewenners, Artscape High School Drama Festival
6	**KOOR**	Erekleure	Seniors: lede wat deelneem aan gala-aand van Eisteddfod of finale rondte van ATKV-koorkompetisie
		Halfkleure	• Seniors: lede wat 4 agtereenvolgende jare 'n koorlid is • Juniors: lede wat deelneem aan gala-aand van Eisteddfod of finale rondte van ATKV-koorkompetisie

7	**RE VERA**	Erekleure	• 1ste tot 3de plek in nasionale kompetisies vir hele redaksie en verslaggewers, slegs seniors • Kategoriewenners: Individuele seniors vir 1ste plek landwyd
		Halfkleure	• 4de tot 10de plek in nasionale kompetisie
8	**MUSIEK**	Erekleure	• Ererol: UNISA, Royal Schools, Trinity College en Rock School • Lof vir eksterne eksamen – 2 vlakke bo departementele vereiste
		Halfkleure	• Lof vir eksterne eksamen een vlak bo departementele vereiste
9	**NOODHULP**	Erekleure	• Vlak 3-eksamen met 80% geslaag en 40 uur diens aan die skool • Vlak 3-eksamen geslaag en 2 jaar diens aan skool
		Halfkleure	• Vlak 1-eksamen met 80% geslaag en 30 uur diens aan die skool
		Lapelbalkie	• Vlak 1-eksamen geslaag en 20 uur diens aan die skool
10	**LANDSDIENS**	Erekleure	• Seniors: Leerders wat Springboktoekenning ontvang
		Halfkleure	• Twee nasionale kampe bygewoon
11	**LETTERKUNDE**	Erekleure	• Eindig onder top 10 in landswye kompetisie • Wenner van jeugafdeling van 'n nasionale skryfkompetisie
		Halfkleure	• Uitnodiging na Skrywer-Slypskool by Universiteit van Vrystaat • Werk gepubliseer in nasionale skryfkompetisie / bundel
12	**INTERACT**	Erekleure	• Woon Ryla-kamp by <u>en</u> word verkies as leier by provinsiale kamp
		Halfkleure	• Vier jaar aktiewe lid • Woon Ryla-kamp by • Dien op senior bestuur • Woon Adventure-into-Citizenship-Week by • Woon 3 werkswinkels by • Behulpsaam by 2 Rotary-projekte • Betrokke by 3 jaarlikse Interact projekte

D. SPORT

- 'n Junior leerder (gr. 8 en 9) kan slegs halfkleure vir provinsiale kleure verwerf in 'n skoolsport.
- Provinsiaal beteken lid van 'n span wat gaan deelneem aan 'n nasionale kompetisie.
- Sport ere- en halfkleure verwys na alle sportsoorte wat deur die skool aangebied word.

1	**HOKKIE**	Erekleure	• Provinsiale A- of B-span
		Halfkleure	• Provinsiale C- of D-span • Streekspan o.18, o.16, o.14 • Speel 30 1ste span wedstryde
2	**GHOLF**	Erekleure	• Provinsiale A- of B-span (Gholfstigtingspan)
		Halfkleure	• Leerders met voorgee van 9 of minder • Junior leerder in provinsiale spanne
3	**KRIEKET**	Erekleure	• CSA U18 Khaya Majola National Week • CSA U16 Boys WPCA • CSA U18 Girls WPCA • CSA U16 Girls WPCA
		Halfkleure	• Finale oefengroep distriksvlak vir Seniors en Juniors • 30 wedstryde vir 1ste span
4	**RUGBY**	Erekleure	• Cravenweekspan • Akademiespan
		Halfkleure	• Finale proewe teen Boland • 30 wedstryde vir 1ste span
5	**NETBAL**	Erekleure	• Provinsiale A- of B-span (Wes-Kaap senior span)
		Halfkleure	• CTHS finale span • Neem deel by Interdistrik • 30 wedstryde gespeel vir 1ste span
6	**ATLETIEK**	Erekleure	• Provinsiale span (WP / Wes-Kaap senior span)
		Halfkleure	• Medaljewenners by WP-kampioenskappe
7	**LANDLOOP**	Erekleure	• Provinsiale A-span Seniors
		Halfkleure	• Provinsiale B-span
8	**TENNIS**	Erekleure	• Provinsiale A- of B-span: Seniors • Twee keer gekies vir WP A- of B-uitnodigingspan • Onder eerste 10 op SA ranglys • ITF / TSA Toernooi wen
		Halfkleure	• Provinsiale senior C span • Eerste tot 3 de plek by streekstoernooi

9	**SKYFSKIET**	Erekleure	• Landwyd 1ste tot 3de plek • Seniors: Wes-Kaap-skietspan
		Halfkleure	• Juniors: Wes-Kaap-skietspan
10	**SKEIDSREGTERS**	Halfkleure	• Leerders wat amptelike skeidregterseksamen geslaag het en 20 wedstryde as skeidsregter optree
11	**FIETSRY**	Erekleure	• Provinsiale span top 10 posisie • SA top 20 posisie
		Halfkleure	• SPUR MTB skole top 10 posisie aan einde van seisoen in ouderdomsgroep
12	**SKAAK**	Erekleure	• Senior: Provinsiale span WP
		Halfkleure	• Junior: Provinsiale span WP
13	**TAFELTENNIS**	Erekleure	WP-Tafeltennisspan
		Halfkleure	Premier/1ste liga wenners, 30 1ste span wedstryde gespeel

E. LEIERSKAP

Erekleure vir leierskap word toegeken aan die Voorsitter van die VRL, hoofseun en hoofmeisie wanneer hulle aangekondig word. Halfkleure word toegeken aand ie Ondervoorsitter van die VRL en die onderhooseun- en meisie.

1	**VRL**	VOORSITTER	Erekleure	Toegeken na aangekondiging by Kultuur en Sport Prysuitdeling in Oktober
		ONDERVOORSITTER en Diens	Halfkleure	• Ondervoorsitter: Toegeken na aankondiging by Kultuur en Sport Prysuitdeling in Oktober • Is 2 jaar lank VRL-lid (gr 8 en 9 tel as 1 jaar), word oorhandig na 2 jaar voltooi is, dws by die Kultuur en Sport Prysuitdeling in Oktober
2	**HOOFLEIERS**	HOOFSEUN EN HOOFMEISIE	Erekleure	Toegeken na aangekondiging by Kultuur en Sport Prysuideling in Oktober
		ONDERHOOFSEUN EN ONDERHOOFMEISIE	Halfkleure	Toegeken na aankondiging by die Kultuur en Sport Prysuitdeling in Oktober

F. TOP 20 AKADEMIE

- Word elke kwartaal toegeken aan die akademiese Top 20-leerders van elke graad.
- Adjunkhoof (akademie) reël die geleentheid tydens 'n saalbyeenkoms (indien moontlik).
- Dames graadhoof is verantwoordelik vir die oorhandiging van die balkies. Die balkies word aan die begin van elke kwartaal ingeneem en dan weer uitgedeel.
- Bemarkingspersoon sorg vir sertifikate en foto's vir Facebook en Re Vera.
- Leerders wat vir 'n vraestel of 'n gedeelte van 'n assesseringstaak afwesig was, kan nie in aanmerking kom vir Top 20 nie.

DATUM VAN OORSIG	31 JANUARIE 2023
DATUM VAN AANVAARDING	22 MAART 2023
DATUM VAN IMPLEMENTERING	27 MAART 2023
GETEKEN SKOOLHOOF MNR J W MULLER	
GETEKEN VOORSITTER SBL MNR M KRUGER	
MEV VAN ZYL HAHN	
MEV H DE BEER	
MEV V NEL	
MEV A LOURENS	
MNR G OOSTHUIZEN	
MEV L BREEDT	
MNR R BECK	
MNR G VAN DEVENTER	
MEV N HESSE	
M VAN DER WESTHUIZEN (LEERDER)	
C VAN WYK (LEERDER)	